NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 15 – Uitgawe 16 26 Mei 2022

# Die vreugde van Hemelvaart

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Jesus se laaste aardse, menslike aktiwiteit was sy hemelvaart. 'n Finale afskeid en tog ook nie, ook nie 'n hartseer aangeleentheid nie. Volgens Lukas het hulle Hom onmiddellik aanbid en met groot vreugde na Jerusalem en die tempel toe teruggekeer, en het hulle God met blydskap geprys. Dit was asof hulle Hom nou finaal erken en as God aanbid het (Luk 24: 52). Hemelvaart het nuwe lewensenergie en hoop ontsluit.**

Wat gelowiges agterna van hierdie gebeure gemaak het, is 'n ander saak. Hemel in ons konteks is veral ter sprake by die dood van 'n geliefde. Die dood is afskeid en verlies en natuurlik groot hartseer. Ons troos mekaar en onsself dat ons geliefde nou in die hemel is en dat ons mekaar eendag weer sal sien. In ons gedagte vorm ons 'n prentjie van 'n plek wat God se spesiale woonplek is iewers daarbo en waarheen ons almal op pad is. 'n Plek sonder aardse ellende, pyn, hartseer en dood. Die verbeeldingrykes onder ons ken ook sommer 'n edele rol aan hul geliefdes daar bo in die hemel toe. Hiervan lees ons natuurlik nie in die Bybel nie.

Hierdie beeld sluit egter baie nou aan by die Bybelse tyd toe die mense 'n mitologiese wêreldbeskouing gehad het. Volgens hierdie beskouing was die aarde 'n plat skyf en was daar 'n konstellasie van hemele bokant die aarde, en God het in die hoogste hemel gebly. Hemelvaart was dus 'n opwaartse beweging van Jesus tot in die hoogste hemel. Die moderne mens het 'n kosmologiese wêreldbeskouing van 'n ronde aarde en 'n uitdyende kosmos, sodat bo en opvaar relatiewe begrippe is. Dit bring ons by die besef dat 'n mens nie in die eerste plek aan die hemel as 'n plek moet dink nie, maar eerder as ruimte waar 'n mens op 'n besondere wyse in die teenwoordigheid van God is.


Volgens die Hebreërboek vervul Jesus hier 'n hoëpriesterlike rol deurdat Hy vir gelowiges intree by God. Jesus is in sy hemelse gestalte 'n brugbouer van God na die mens en van die mens na God toe. Na die mens toe doen Hy dit deur sy Woord en Gees. Van die mens na God pleit Hy by God om genade en kan Hy dit met empatie doen juis omdat Hy self ook mens was en versoeking en lyding goed ken.

So word hemel ook iets van ons aardse bestaan. Hemelvaart laat ons besef ons aardse lewe is maar die een kant van die werklikheid; daar is ook 'n ander werklikheid waarvolgens Christene kan en behoort te leef. Hemelvaart leer ons dat, alhoewel Jesus nie meer in sy menslike gestalte op die aarde is nie, Hy leef en regeer en dinge laat gebeur.

Daar is ook iets van 'n toekomsverwagting in die hemelvaart opgesluit. In 2 Petrus 3 word dit soos volg uitgedruk: Daar kom 'n einde aan alles wanneer die hemel en hemelliggame in vlamme sal opgaan – *Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers* (2 Pet 3: 13). Hemelvaart bevestig dus ook 'n totale herskepping, ook 'n herbesoek in hoe ons oor die hemel nadink, waardeur daar ook telkens nuwe lewenskrag, inspirasie en liefde na vore sal kom. Ja, iets van die vreugde waarmee die dissipels na Jerusalem en die tempel toe teruggekeer het.

**Ds Dries Beukes**
**Emeritus/Swartkop**

## Lief en leed


Ds Wimpie en Christa Steyn

- Emerituspredikant **ds WJ (Wimpie) Steyn** (77) is Dinsdag 24 Mei oorlede, nadat hy die vorige week in die Pretoriase Harthospitaal opgeneem is met hart- en nierversaking. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou, Christa, en hul familie. Die gedenkdiens vind plaas op Saterdag 4 Junie om 11:00 in Gemeente Wapadrant, en sal gelei word deur ds Etienne Fourie.

- **Dr Willie en Erika Strydom** (Eikenhof/Johannesburg-Suid) **se eerste kleinkind, Ruben,** is Maandag 23 Mei gebore. Ruben se ma, Tanya, is skriba van Gemeente Eikenhof. Dr Willie sê almal is gesond en hul harte loop oor van trots en dankbaarheid. Hulle is vol verwondering oor God se genade.

- **Dr MJ (Martin) Jansen van Rensburg** van Delmas is vanjaar die ontvanger van die Jan Reynierz-erepenning. Die Vierde Algemene Diakensvergadering het destyds besluit om elke drie jaar 'n toekenning te maak aan 'n lidmaat of ampsdraer wat 'n besondere diens gelewer het op die terrein van die diakonaat binne die Kerk. Die toekenning is vernoem na diak Jan Reynierz wat volgens die kerkgeskiedenis die eerste diaken was van die Kerk in die Kaap. **Op die foto** is van links na regs dr Wouter van Wyk, oudl André Pieterse, dr Martin van Rensburg en diak Andries Pretorius.



- "Die **NHSV** was **82 jaar** jonk op **Sondag 22 Mei 2022**! Watter voorreg om deel te wees van die NHSV in 'n gedeelte van haar bestaan. Die meeste van ons was nog nie gebore toe die NHSV in 1940 gestig is nie, maar so is die spreekwoordelike fakkel aangegee van geslag tot geslag. Mag ons ook hierdie passie vir die NHSV aangee vir 'n volgende geslag en ligdraers wees vir God se koninkryk." (**Mari-lizé Beukes**, Voorsitter NHSV Hoofbestuur)

- "Ons liewe **NHSV, baie geluk met 82 jaar**! Tannie of ouma is jy beslis nie. Altyd jonk, altyd nuut, altyd dinamies vorentoe in jou werk vir die Kerk en ons Here se koninkryk. Hoe lekker om myself ook 'n NHSV sussie te mag noem. Ek onthou as klein dogtertjie die bywoon van NHSV vergaderings saam met Mamma op Woensdae-aande. Ek kon nie wag om self 'n sussie te word nie. Nou is ek al amper 30 jaar betrokke en dit bly 'n reusevoorreg. Vandag dank ons Vader God wat ons as vroue, met ons verskillende gawes, ons verskillende persoonlikhede, ons vreugdes en ons trane en ook ons tekortkominge, vir 82 jaar op so 'n besonderse manier gebruik. Die NHSV was nog altyd 'n helder lig in die Hervormde Kerk. Daarvoor dank ons ons Here. Mag ons voortgaan om sy Lig ons eie te maak en 'n seën te wees. Lekker verjaar!" (**Ds Annerie Conradie**, Culembeeck)

- **Die volgende predikante verjaar tot 3 Junie, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 26 Mei: Ds J (Jackie) Dippenaar (45) (beroepafwagtend)
  - Vrydag 27 Mei: Dr PL (Piet) Steenkamp 70 (emeritus/Glencoe)
  - Saterdag 28 Mei: Ds PA (Paul) van Jaarsveld (31) (Wapadrant)
  - Sondag 29 Mei: Ds P (Paula) Eksteen (46) (buiteland – Nederland)

## Gemeentes en bediening

Die Raad van Finansies het enkele jare gelede besluit dat die Kerk 'n voorbeeld vir die wêreld moet stel. Daarom is **Hemelvaartdag** (vanjaar Donderdag 26 Mei) vir die personeel van die Sinodale Dienssentrum 'n vakansiedag. Let dus asseblief daarop dat die **Sinodale Dienssentrum gesluit** is vir dié dag.

- **Gemeente Stellenbosch** vier vanjaar hul **50ste bestaansjaar** en nooi almal wat oor die jare deel was van die **HSV (Hervormde Studentevereniging)** na ’n **reünie die naweek van 15-17 Julie 2022** op ’n kampterrein naby Stellenbosch. Almal wat dit graag wil bywoon, word versoek om Elizabeth Rossouw te kontak, selfoon 081 833 7022, e-pos **22620109@sun.ac.za**. Alternatiewelik kan u ook vir dr Chris le Roux by **cleroux@mweb.co.za** kontak. Alle oudlidmate van Stellenbosch, vorige predikante asook ander belangstellendes word ook genooi om die **Feesdiens op Sondag 24 Julie** om 11:00 by te woon. Indien moontlik, is u ook welkom om Saterdag 23 Julie by hul Potjiekosdag op ’n nabygeleë wynplaas te kom saamkuier.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Groot Marico.** Aansoeke van gelegitimeerde predikante van die NHKA in die traktementskaal 4-6 jaar word ingewag vir die vul van die vakante werkruimte te Groot Marico, ring van Zeerust.

  **Gemeenteprofiel:** Groot Marico is ’n plattelandse gemeente sedert 1923. Die grootste deel van die gemeente is ’n boerderygemeenskap. Die gemeente het ’n bestaande funksionele kerkgebou, saal, kategeselokale en ’n netjiese pastorie, ongeveer 2 km vanaf die kerk op ’n plaas. Die ledetal is ongeveer 262, waarvan 42 nie-belydend is. 100 van hierdie lidmate is pensioenarisse. Die naaste skole is ongeveer 40 km vanaf Groot Marico.

  **Gemeente se verwagtinge:** Die suksesvolle kandidaat sal die gemeente lei en steun in die uitvoering van die gemeente se visie *Saam vorentoe in geloof*, deur onder andere deurleefde Woordverkondiging, deur die gemeente en die gemeenskap te motiveer om as een liggaam te funksioneer, met pastorale versorging van lidmate, deur die kerkraad te lei in die uitvoer van die gevestigde bedieningsplan vir die gemeente, deur sinvolle kategese en jeugprogramme aan te bied, fondsinsamelingsprojekte te ondersteun en die betrokke komitees aan te spoor tot sukses.

  **Versorgingsvoordele:** Die versorgingsvoordele behels volle versorging en ’n totale-koste-tot-gemeente-pakket in lyn met kerkskale, na gelang van ervaring.

  **Aansoeke:** Indien u wil aansoek doen, stuur ’n volledige curriculum vitae, vergesel van ’n brief waarin gemotiveer word waarom u uself as geskik beskou, per e-pos na die onderstaande adres. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Mei 2022**. Stuur aansoeke na **bloekomsrus@vodamail.co.za**. Vir navrae, kontak die skriba, Ria Pretorius, by 082 944 0210.

  **Vrywaring:** Die kerkraad behou die reg voor om ’n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het vir die vul van die werkruimte nie.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Seestergemeente Brackenhurst.** Die gemeente beskik vanaf 1 Mei 2022 oor ’n voltydse werkruimte vir ’n predikant. Seester Brackenhurst is ’n voorstedelike gemeente en omvat die woonbuurte Brackenhurst, Brackendal, Brackendowns, Meyersdal, Mayberrypark en Albertsdal. Daar is tans 482 lidmate, waarvan 372 belydend is.

  Aansoeke moet vergesel wees van ’n volledige CV en ’n persoonlike profiel. Die kerkraad behou die reg voor om die kortlys vir onderhoude na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot. Gekeurde aansoekers sal ná die sluitingsdatum genooi word vir onderhoude. Die kerkraad behou die reg voor om, indien daar geen geskikte kandidate is nie, weer die pos te adverteer.

  Die vergoeding is volgens die Kerk se riglyne, en ’n gedetailleerde pakket sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

  **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Mei 2022.** Stuur asseblief u aansoek aan mev Nadia Oosthuizen by **nhkbrack@ananzi.co.za**. Navrae kan gerig word aan oudl Gerhard van Niekerk by 082 461 2428.

## Vergaderings

- Woensdag 1 Junie: Moderamen
- Donderdag 2 Junie: Kommissie van die AKV
- Vrydag 3 Junie: Kommissie van die AKV
- Saterdag 4 Junie: Kommissie van die ADV

## Kerklike publikasies







## Studentesake

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

## Allegaartjie

"Op 'n baie simplistiese vlak kan 'n mens 'n taal en al sy variëteite met 'n boom vergelyk. Die standaardvariëteit is die stam en al die ander variëteite van gister en vandag is die wortels en takke. Die een kan nie sonder die ander nie. Bestudeer met entoesiasme die niestandaardvariëteite, maar hierdie verdagmaking van en kruistog teen Standaardafrikaans bring niemand iets in die sak nie, ongeag watter variëteit van Afrikaans hy of sy as sy of haar moedertaal beskou." (Tom McLachlan, voormalige voorsitter van die Taalkommissie, in *Beeld*, 19 Mei 2022)

## Toerusting

- ***Die hemelruim verkondig die eer van God en die hemelkoepel maak die werk van sy hande bekend* (Ps 19: 2, AFR2020).** Die golwe in die lug waarmee die internet en slimfone werk, was nog altyd daar. Dit is deel van God se skepping. Dit is nou maar die afgelope aantal jare dat die mens dit ontdek het en begin het om dit vir dié doel te gebruik. Die digitale landskap bied vandag opwindende geleenthede om die Woord van God te versprei en Bybelbetrokkenheid te bevorder. Gemeentes se bydraes aan die Bybelgenootskap word gedeeltelik daarvoor aangewend om die Bybel, naas die ander, ook in hierdie formaat beskikbaar te stel. Lidmate kan self ook die **Bybeltoepassing gratis op 'n foon aflaai en vir iemand stuur**. Bybels is beskikbaar in 11 Suid-Afrikaanse tale. Besoek die foon se *App*-winkel en tik "Bible Society of South Africa" in die soekblok in. Kies enige van die beskikbare Bybeltoepassings (met die Saaier op) en installeer dit op die foon. Nadat daar geregistreer is, kan die toepassing oopgemaak en die Bybel gelees word.

---

### Koeëlbestand teen boelie

*Bulletproof against bullying*

Kom vind meer uit oor boeliegedrag in die skool,
werkplek, gesin en sosiale media
asook die een wat niemand onthou nie: *Gaslighting*.
Leer wat is boeliegedrag, tipes boelies, statistieke en waarskuwingstekens.

TIRA-SA bied 'n Zoom-webinaar aan met ***Dr Yolinda Steyn***

**Saterdag 4 Junie 2022 van 09:00 tot 13:00**

Lede van TIRA-SA R350, nie-lede R450
**Registreer voor 27 Mei**



Vir meer inligting en om te registreer, besoek **www.tirasa.co.za**

TIRA-SA
*Creating patches of normality*

---

- Staan u dikwels voor 'n getraumatiseerde lidmaat
en wens u weet hoe om werklik van hulp te wees?
Kom woon 'n **TIR-werkwinkel** (*Traumatic Incident Reduction*) by
en kom leer iets van Jesaja 50:4 –
*Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik*
*sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat.*
*Elke môre laat Hy my opnuut weer luister...*
**Datum:** 6-9 Junie 2022
**Plek:** Pretoria
**Koste:** R5 000
Besoek **yvonneretief.weebly.com**
of kontak Yvonne by **retief.yvonne@gmail.com**

- Die **Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB)** bied die **IMG-kursus** (Inleiding tot Missionale Gemeentewees) gratis oor 'n periode van ses weke aan. Dit sal via Zoom plaasvind, daagliks van 09:00 tot 11:00, en wel op die volgende datums:

  - Die herontdekking van God se missie: 28 Julie
  - Die herontdekking van missionaliteit in 'n veranderende wêreld: 4 Augustus
  - Die herontdekking van die missionale aard van die gemeente: 11 Augustus
  - Die herontdekking van dissipelskap: 18 Augustus
  - Die herontdekking van missionale spiritualiteit: 25 Augustus
  - Die herontdekking van missionale luister in die gemeenskap: 1 September

  Join Zoom Meeting
  **https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1plZCtjSS9ZSFY4dz09**
  Meeting ID: 942 768 9935
  Passcode: SGB

  Navrae: Dr Frikkie Labuschagne by **karen@nhk.co.za**.

## ’n Gedig

**Warmbad, Namibië**

my prilste herinnering: ’n glansende maan
wat stil uitstyg bo die rand van ons agterplaas

in sy lig sien ek hoedat my dun skadu val
eindeloos deur ’n rotsagtige kil heelal –

daar waar ek staan in ’n landskap van ysterklip
het bedags ’n Namakwa-vrou my opgepas

haar geklik het tóé weerklink in my Afrikaans:
die magneet wat my hier moet vashou ondermaans

die taal wat my laat klou aan die gebarste lip
van Afrika, waaroor hortend ’n koorsasem blaas

**Daniel Hugo**
(Uit: *Skeurkalender*, 1998)

## Fondsinsamelings




- **Gemeente Lichtenburg: *Local is lekker* Oesfees**
  **Saterdag 28 Mei vanaf 08:30**
  Gratis toegang
  **Gaskunstenaars:** Ruan Josh en Franja du Plessis
  **Vir kinders:** Tombola, skyfskiet (gratis), reuseglybaan, klimmuur, springkasteel
  **Veiling met pragstukke:** Krugermunt, skilderye,
  Marico- en Lichtenburg-mampoer, handgemaakte sweep,
  spesiale *Local is Lekker Oesfees* versamelaarswyn, wildsbokke
  **Tradisionele stalletjies** met pap-en-kaiings,
  spesiale resep lewerkoekies – die beste in die Noordweste!
  **Ander stalletjies:** Nagereg, pannekoek, vetkoek, *doughnuts*, worsbroodjies, kerrie-en-rys, koeldrank, koffie...
  **Plaasstalletjie** met handwerk en plaasprodukte
  Kwaliteit **bees-, skaap- en varkvleis** teen uiters billike pryse:
  wors, maalvleis, kookvleis en Russiese wors word verwerk
  (lekkerste Russiese wors in Suid Afrika!)
  Meer as 100 groot koeke
  Meer as 600 pakkies klein koekies en beskuit
  **Kompetisie met pryse,** kaartjies @ R20:
  1ste R20 000; 2de vakansie vir ’n week in Margate vir 5 persone;
  3de R5 000; 4de juwele ter waarde van R4 000;

5de brandstof ter waarde van R1 000;
6de GROOT VERRASSING
Kaartfasiliteite beskikbaar!
Kontak Dave Oosthuizen 083 311 2962

- **Gemeente Groot Marico: Winterkarnaval**
  **Groot Marico Safari Ekspo in samewerking met Agri NW**
  **Donderdag 2 tot Vrydag 3 Junie van 10:00 tot 19:00**
  Verskeie stoetvee-uitstallers
  Trekkers, voertuie, implemente en ander boerderybenodigdhede
  20 vlooimarkstalletjies
  Musiek deurentyd deur Freckeld Elvis
  Elke oggend heerlike plaasontbyt
  Verskeidenheid vleis en slaai deur die dag
  **Saterdag 4 Junie van 08 tot 15:00: Tradisionele Safarikarnaval**
  Gaskunstenaar Saterdag is Appel
  Kindervermaak, veiling met eg Marico-houtmeubels en mampoer
  Kultuurstal met handwerk, Marico-kultuur en plaasprodukte
  Tradisionele pap-en-kaiings
  Nagereg, pannekoek, vetkoek, worsbroodjies, kerrie-en-rys, slaptjips, koeldrank, koffie...
  Wilds- en beesbiltong, droëwors en salami
  Bees-, skaap- en varkvleis teen billike pryse
  **Kompetisiekaartjies @ R100**
  Wen 'n ECO 4x4-bossleepwa (ontoegerus)
  Kaartfasiliteite beskikbaar!
  Eenmalige toegang van R20 per persoon betaalbaar
  Navrae: Boet Nel (Karnavalvoorsitter) 083 372 9751

- **Rata se Gholfdag ten bate van Kinderbeskerming.** Rata Maatskaplike Dienste se jaarlikse Gholfdag vind vanjaar op **23 Augustus by Silver Lakes Golf & Wildlife Estate** plaas – dit is hul agtste Gholfdag. Rata vra vir ondersteuning in die vorm van vierbalinskrywings, borgskappe en pryse. Inskrywingsvorms, borgskapvorms en meer inligting kan aangevra word van Annelle by **info@rata.org.za** of 064 437 5997.

## Barmhartigheid

- **NHSV UITBETALINGS – MEI 2022.** "Die bekende ekonoom Dawie Roodt sê in 'n artikel: *Ekonomiese groei gaan gepaard met ander* ***goeie nuus****, soos dat gevalle van kindersterftes, hongersnood, malaria, polio, elke denkbare pestilensie, alles besig is om te daal. Ek weet Covid-19 is 'n nuwe siekte, maar deur ons geskiedenis was daar gereeld siektes om mee rekening te hou, net soos ons ook dié een gaan oorwin.*

  Dit is inderdaad so dat Covid-19 ongeëwenaarde onsekerheid op 'n wêreldwye skaal veroorsaak het, maar dit is ook waar dat die lewe deur alles heen aangegaan het en dat in sommige gevalle werklik mooi en wonderlike dinge ook gebeur het. Hiervan sal die geskiedenisboeke van die toekoms sekerlik ook getuig.

  Alhoewel die impak van alles ook op die Kerk en kerklike aktiwiteite en finansies sy merk gelaat het, kyk ons ook terug en sien hoe die Here die Kerk ook vasgehou, bewaar en geseën het en voorsien het dat die **Goeie Nuus** van die evangelie steeds versprei kon word.

  Met die deeglike besef dat die pandemie ook 'n impak gehad het op NHSV takke, wil die NHSV Hoofbestuur met begrip vir omstandighede takke herinner aan die verpligte uitbetalings wat gewoonlik elke jaar voor die einde van Mei gedoen word.

  Ons vertrou dat NHSV takke in staat sal wees om hierdie uitbetalings te kan doen en dat die NHSV so nie net kan voortgaan met haar dienswerk nie. maar ook sal oorwin, deur die *genade van ons hemelse Vader* en die *waarheid van die* ***Goeie Nuus*** *van die evangelie van liefde.*

Hierdie uitbetalings stel die NHSV Hoofbestuur in staat om op nasionale vlak haar barmhartigheidstaak uit te voer ten opsigte van Bejaardesorg. Verskeie fondse word aangevul, waaronder die Bejaardesorg- en Inrigtingsfonds ten opsigte van tehuise, die Administrasiefonds vir NHSV studielenings, en Borgfondse vir bejaardes. So vervul die NHSV haar barmhartigheidsrol deur bejaardes in nood te versorg, studente met studielenings te help en die tehuise in stand te hou.

Elektroniese oorbetalings of bankdeposito's kan gedoen word in die NHSV Hoofbestuur se bankrekening. E-pos asseblief die NHSV betaalstaat en 'n afskrif van die elektroniese oorbetaling of bankdepositostrokie na **finansies@nhsv.org.za** of faks na 086 695 5937. Die NHSV se bankbesonderhede verskyn op die NHSV betaalstaat wat beskikbaar is op die NHSV webblad – volg die skakel **https://nhsv.org.za/dokumentasie/** " (Sanet van Wyk, NHSV Tesourier)

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 13 teen R465 400. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.


**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Oggendgebed

Vader,
dankie vir vandag,
vir al die maniere waarop ek U kan ken.
Vir die sonsopkoms en die voëlgesang,
vir die musiek wat ek kan hoor,
vir alles wat ek kan geniet.
Vir die maaltye en die knus huis waarin ek woon,
vir my gesin, my wyer familie,
en al my spesiale vriende.
Maar veral, dankie dat U in elke oomblik hier by my is.
Mag hierdie dag gevul wees
met u liefde, vrede, seëninge, groot geleenthede
en beantwoorde gebede.
Dankie dat U my gebed aanhoor.
Ek bid dit alles
in die kosbare Naam van Jesus Christus,
ons Verlosser.
Amen.

lovethispic.com/blog

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)



Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk